kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Nuuskierig, soekend of die vrees om uit te mis?

Skriflesing: Johannes 3:1-17

Lied 177

Jesus, gróót bo almal:
sterke Verlosser,
magtige Heer en Heiland,
Immanuel - God is met ons -
reddende Here, lewende Woord.

Verjaarsdagwens

Hennie Aucamp, 20/01/04

Dít is my wens vir jou vandag:
Deur elke vensterraam in jou bestaan
'n uitsig op 'n brok geribde berg
teenaan 'n ligblou oseaan
wat saamsmelt met 'n ligblou lug,
sodat geen laslyn sigbaar is -
Kortom, 'n dag gevul
Met ellelange golflengtes lig.

Ina Rousseau

Spies, L. en Malan, L. (2004). *'n Skrywer by sonsopkoms*. Stellenbosch: SUN press.

Broodjies vir die pad

"She wasn't afraid of difficulties; what frightened her was being forced to choose one particular path.
Choosing a path meant having to miss out on others. She had a whole life to live and she was always thinking that, in future, she might regret the choices she made now.
'I'm afraid of committing myself,' she thought to herself. She wanted to follow all possible paths and so ended up following none.
Even in that most important area of her life, love, she had failed to commit herself. After her first romantic dissappointment, she had never again given herself entirely. She feared pain, loss and separation. These things were inevitable on the path to love, and the only way of avoiding them was by deciding not to take that path at all. In order not to suffer, you had to renounce love. It was like putting out your own eyes in order not to see the bad things in life."
– Paulo Coelho, Brida

"The real voyage of discovery consists not in seeking new landscapes, but in having new eyes."
– Marcel Proust

◆◆◆

Tandeborsel

In die koel, stil kamers van my ballingskap
hoor ek my voetval in die gang
bekommer ek my oor die basiliekruid
wat so klein en alleen staan
in 'n wêreld van slakke
en die fokken skimmel op die tamaties
wat kernoorlogbestand is.

My studeerkamer is 'n kerk
met beeldskone insigte wat steeds skaam fluister
uit die sintese van honderde onaangeraakte boeke.
Dis amper goed genoeg om net hulle rue te vryf
en te prewel: "Ja, ek verlang ook."

Ek kook en was en lees en slaap en tel nie dae of ure nie.

Buite die venster is die heilige baai
onveranderd, vir miljoene jare,
maar op haar vuil rokpante hyg en blaas
en leef en sterf mense, politieke idees, toekomsplanne,
hoop, kinders en ouers, groentetuine
en klein bakkerye
terwyl die maan haar stil donderweer van lig basuin.

Die 21e eeu kom sonder epidurale verdowing
dwars in die bekken van 'n anima wat swetend
geboorte skenk in 'n teater
vol soldate, bloed, stof, rommel, hebsug en vrees.

Ons gooi emmers water na 'n muur van vlamme.

Ek weet dat my hart moet stop
eendag, binnekort,
miskien terwyl ek tande borsel.

Watter enorme siel sal dit moet wees
wat hier sonder gebrek en heelhuids
'n eerste hortende asem skep?

Charles Marais

http://www.litnet.co.za/tandeborsel/

◆◆◆

"People take different roads seeking fulfillment and happiness. Just because they're not on your road doesn't mean they've gotten lost."
– Dalai Lama XIV

"By seeking and blundering we learn."
– Johann Wolfgang von Goethe

◆◆◆

Binneblik in tieners in SA vandag

Laetitia Pople

Dit raak sterk skemer as die gehoor aanmeld by die Hoërskool Lückhoff in Idasvallei net duskant die Helshoogtepas. Die gehoor wat lank reeds die skoolbanke gegroet het, moet weer by die skoolhek in vir die plekspesifieke produksie *Uniform.*

By die hek ontmoet ons die skoolhoof – die akteur Johann Nel in swart – iets is nie so lekker pluis nie. Hy begelei ons deur die skool waar verskeie tonele afspeel. Ons soek leidrade oor wat werklik gebeur het op die matrieks se forty days.

Tog is dit nie 'n riller nie – wel 'n lewensgetroue en intieme binneblik in die lewe van tieners vandag in Suid-Afrika. Ons ontmoet die leerlinge van drie skole wat by 'n uitruilprogram betrokke was. Hul agtergronde is wydlopend, tog is daar vriendskappe gesmee. Om niks weg te gee nie: Ons is hier besig met eksistensiële sake.

Al agt tienerakteurs is gekies uit deelnemers aan die finale rondes van die Nasionale Toneelspelkompetisie verlede jaar, die jaarlikse kompetisie wat deur Herman van der Westhuizen van die Hoërskool Bellville georkestreer word.

Die regisseur Vicky Davis en die agt het die dramaturg Alma Nel se teks ontwikkel en hul eie gemaak. Geloof, seksuele voorkeure, vriendskap, groepsdruk, loopbane, drome, musiek ensovoorts kry aandag. Dit werk, omdat dit so eerlik is. Boonop is dit 'n produksie van gehalte, en interessant. Dit hoef nie net vir tieners opgevoer te word nie.

Die agt bruis behoorlik van talent: Cantona James, algehele wenner van 2016 se toneelspelkompetisie – is die dromerige Simon, wat 'n beurs het om by Julliard te studeer, maar wie se droom dié donker nag verydel word.

Die US Woordfees verdien lof vir die geleentheid wat hulle jaarliks bied om jong talent só te ontwikkel.

Uniform word nog tot 10 Maart daagliks om 19:00 en 20:30 opgevoer.

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Teater/binneblik-in-tieners-in-sa-vandag-20170308#

◆◆◆

"You missed out." Is there another sentence that could strike such anxiety in the hearts of young people? Other than "We need to talk," of course. It's true, though, and we need to talk about fear of missing out. Known as FOMO in millennial-speak, fear of missing out is quickly taking a toll on Generation Y -- and it's probably causing damage to your own life. (https://www.sciencedaily.com/releases/2016/03/160330135623.htm)

"The deepest secret is that life is not a process of discovery, but a process of creation. You are not discovering yourself, but creating yourself anew. Seek therefore, not to find out Who You Are, but seek to determine Who You Want to Be."
– Neale Donald Walsch

Brood vir die pad

Klipgeeste wag op druppels om te ontwaak

Gerhard Verdoorn

Die dorre gesig van die aarde staar moedeloos na die blou uitspansel waar die son oor sy onderdanige planeet die waak hou.

Rotse kraak onder die versengende hitte en skilfer stukkies van hul velle af om lafenis teen die son te kry.

Waar die klippies val, vertel die grond van miljoene jare se geskiedenis soos wat die aarde se gesteentes van plaatrots en koepelrots na klippies en korrels verweer het. Sagter gesteentes is deur die seisoene gepoleer, maar die kwartsklippertjies het meedoënloos hul skerp kante teen die elemente verdedig.

Tussen die miljoene klippies lê daar 'n doodse stilte wat wag op druppels om weer geboorte aan die klipgeeste te gee.

As die son na die weste draai vir sy middagrus, staan die donker wolke uit die ooste op. Die stemme van hul aanvoerders donder bevele om in gelid te kom en blitse hardloop met boodskappe tussen die geledere.

Voor die son die westelike horison raak, sak die waters uit die hemel en plof met swaar druppels op die aarde neer.

Sy dorstige aangesig sluk gulsig aan die milde waters en wanneer die finale bevel die wolke laat retireer, staan poeletjies water soos kindergesiggies in die veld.

Die nag kom uit die ooste aan en drapeer 'n koel kombers oor die aarde heen. Wolke dryf wakend oor die aarde met die maan wat soms 'n koue lig oor die rotse flits.

Wanneer die volstruis met 'n hoeeem-hoeeem-hoeeem die nuwe dag aankondig, staan die klipgeeste uit die aarde op.

Olifantspootjies het kop gelig en deur die nag die waters in hulle koddige lyfies gepomp. Hul spleetkoppies loer tussen die kwartskorreltjies uit en vang die dou wat stadig langs hulle afdrup op pad aarde toe.

Beeslewers het uit die dood ontwaak en swel handevol olyfkleurige blare uit. Volstruistone wat leweloos in die sand gelê het, staan stewig vol van die lewegewende vog wat hulle oornag opgeneem het. Tierbekvygies se tandjies vou oop en glimlag vir die son wat net oor die horison begin loer.

Vingerpolle het kop onder die klippies uitgesteek en wys hemel toe soos 'n prediker wat dank aan die Skepper gee. Koolganna se dorre blare pof met trots uit om die honger springbokke se aptyt aan te wakker. Wolweghaap se saadhorings het oopgebars met miljoene donssade wat oor die wêreld dartel om staanplek te soek waar hulle weldra sal ontkiem en die aarde in nuwe lewe sal tooi.

Onder die rotse waar die koggelmanne skuil het die boesmanore se blare hul rimpels verloor en haasballetjies se fyn, wit haartjies pof uit asof hulle op trou wil staan.

Koesnaatjies se lyfies beur uit die donker skuilings onder die rots om ook die son se strale te vang en koekemakranka se drie blaartjies rol oop om die dou te drink.

Klipvygies sluimer nog in die vroeë oggend, maar hulle blaartjies bol al reeds uit met die druppels wat deur die nag nuwe krag aan die geharde plantjies gegee het.

'n Klaasneusmuis snuif verwonderd aan die klipgeeste se nuwe lewe, waar gister net 'n doodse stilte was.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/klipgeeste-wag-op-druppels-om-te-ontwaak-20170124

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877